

DIE LEWE EN WERK VAN FLORENCE ZERFFI

DEUR

LOUISE FRANSIE LACHENICHT

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN 'N DEEL VAN DIE
VEREISTES VIR DIE GRAAD

MAGISTER ARTIUM

IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA

31 JANUARIE 1996

HIERDIE VERHANDELING IS ONDERHEWIG AAN
REGULASIE G.35 VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
EN DIT MAG IN GEEN VORM GEHEEL OF GEDEELTELIK
GEREPRODUSEER WORD SONDER SKRIFTELIKE
TOESTEMMING VAN HIERDIE UNIVERSITEIT NIE

329961

THOMAS

DEEL VAN DIE

WAT DIE

MASTERS ARTIUM

IN DIE LETTERE EN WETENSKAPPE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA

1996

WAT DIE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

WAT DIE

113,21 0703

reeds bev.

AKADEMIESE INLICHTINGSDEURS
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

1997-01--0

Klasnom: 759.968 ZERFFI

0042015

OPGEDRA AAN MY OUERS,
EGGENOOT EN SEUN

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD

HOOFSTUK 1 - LEWENSBEKRYWING

Jeugjare	1
Berlynse tydperk	2
Voorhuwelikse tydperk in Suid-Afrika (1916 - 1924)	6
Huweliksjaar (1924 - 1929)	11
Jare van weduweeskop in Suid-Afrika (1930 - 1956)	27
Londense tydperk (1957 - 1962)	37

HOOFSTUK 2 - ZERFFI SE PERSOON EN HAAR BYDRAE TOT DIE SUID-AFRIKAANSE KUNS

Zerffi as mens	45
Die bydrae van Zerffi tot die Suid-Afrikaanse kuns	51
Haar invloed op die kuns in die algemeen	51
Haar rol in die geskiedenis van die Nuwe Groep	54
Ontstaansgeskiedenis van die Nuwe Groep	55
Doelstellings en aktiwiteite van die Nuwe Groep	58
Uitstallings van die Nuwe Groep	60
Ontbinding van die Nuwe Groep	76
Historiese betekenis	82

HOOFSTUK 3 - ZERFFI SE OLIEVERFSKILDERYE

Algemene oorsig van styl, tegniek en ontwikkeling	85
Die medium waarin Zerffi gewerk het	85
Onderwerpe wat Zerffi gekies het	86
Die style waarin Zerffi gewerk het	89
1916 - 1929	91
1930 - 1943	95
1944 - 1949	97
1950 - 1962	98
Standaard van haar werk	100

Blomstukke en stillewens	103
Blomstukke	106
Stillewens	113
Kleurgebruik	117
Effekte	121
Tegnieke	125
Portrette	128
Kinderportrette	130
Vrouefigure	135
Selfportrette	142
Mansfigure	145
Bruinmense	151
Nie-gedokumenteerde portrette	152
HOOFSTUK 4 - ANDER OLIEVERFSKILDERYE	
Natuurtonele	160
Boomryke landskappe	165
Landskappe van berge, oop vlaktes en landerye	169
Landskappe met byvoeging van Kaapse huisies	179
Bos- en boomtonele met eenvoudige hutte of huisies	179
Landskappe met plaashuisies	184
Plaasopstalle	188
Vakansie- en ander wonings naby die see	190
Seetonele	192
Londense tonele	196
Nagtonele	199
Interieurs	207
Ander tonele	216
Skilderye met of sonder mense as onderdeel	217
Maleierbuurt	217
Groentemarkplein	222
Spesifieke geleenthede en gebeurtenisse	226
Landelike taferele	228
Stadsgesigte en straattonele	237
Kaapstad	237
Londen	245

HOOFSTUK 5 - ZERFFI SE ILLUSTRATIEWE WERK

Voorsketse en ander sketse in potlood	251
Houtskoolsketse	267
Inksketse	277
Ongedateerde sketse	281
Sketse in 1919 geteken	284
Sketse in 1923 geteken	291
Sketse vir tydskrifte en dagblaaie	298
Die Huisgenoot	299
Die Burger	316
Het Zoeklicht	328
Die Boervrou	333
Boekillustrasies	335
Hoofstuk I	340
Hoofstuk II	342
Hoofstuk III	343
Hoofstuk V	344
Hoofstuk VI	346
Hoofstuk VII	347
Hoofstuk VIII	349
Boekomslag	350
Kritiese waardering	351

HOOFSTUK 6 - ANDER MEDIA WAT ZERFFI GEBRUIK HET

Waterverf en gemengde media	356
Waterverfwerke met penseel, pen en ink	360
Werke met die kwas geteken - stillewens	360
Werke met die pen geteken - landskappe	363
Waterverfwerke met houtskool	367
Hantering van die houtskool vir die basiese skets	368
Hantering van die waterverf as kleurbyvoeging	369
Ander gemengdemediawerke	373
Pastelle	377
Linosee	388
Straattonele	390
Blomstudies	393
Landskappe met of sonder figure	394
Maleierbuurttonele	399
Persone	402

Ex librisse	406
Tipografiese en kalligrafiese ex libris	410
Ex librisse met heraldiese elemente	411
Ex librisse wat pikturaal van aard is	421
Wapens	436
SLOT	446
BIBLIOGRAFIE	448
OPSOMMING	471
SUMMARY	473

VOORWOORD

Florence Zerffi wat reeds in 1916 na Suid-Afrika uit Duitsland via Engeland geïmmigreer het, is een van Suid-Afrika se pionier vroueskilders. Sy het egter ná haar afsterwe veelal onbekend gebly. Tydens navorsing het dit geblyk dat betreklik min mense, selfs kunsliefhebbers, van haar, en meer bepaald haar werke, gehoor het. Alhoewel haar naam tans in heelwat gesaghebbende kunshistoriese boeke verskyn, en hier en daar selfs 'n opsomming van haar lewe gegee word, is daar nog geen breedvoerige studie van haar werk en bydrae tot die Suid-Afrikaanse kunsgeskiedenis gedoen nie.

Die doel van hierdie wetenskaplike ondersoek is dus om Florence Zerffi na behore en in diepte in alle fasette van haar kuns bekend te stel. Met die politieke en kulturele situasie in Suid-Afrika in die laaste jare van die twintigste eeu, is 'n studie soos hierdie van aktuele betekenis. Al hoe meer klem is op die vrou, haar regte en haar rol in die samelewing gelê. Boonop word tans meer aandag aan die sogenaamde "uitgeworpenes" en "agtergeblewenes" gegee. Zerffi se werk is in haar leeftyd en selfs daarná onderwaardeer. 'n Jarelange vriend van haar, prof. J. du P. Scholtz (1981 : 12), was in 1981 reeds bekommerd oor die feit dat sy 'n onderskatte en half vergete skilderes is. In die kontemporêre kunsgeskiedenis word heelwat op vrouekunstenaars gekonsentreer. Ofskoon daar in Suid-Afrika nie van 'n suiwer feministiese beweging soos in Wes-Europa sedert die sewentigerjare gepraat kan word nie, val navorsing oor vrouekunstenaars tog binne daardie kader.

Zerffi het na Suid-Afrika gekom op 'n tydstip toe manlike kunstenaars die toonaangewende elite was. Sy, Ruth Prowse en Nita Spilhaus, (twee uit die drie was buitelanders) word die eerste vroue om op 'n professionele wyse met hulle manlike eweknieë mee te ding. In 1923, lank voor die emansipasie van die vrou in die kuns ter sprake gekom het, het bogenoemde drie vroue self die bal aan die rol gesit om die vrou as kunstenaar bekend te stel, deur hulle gesamentlike uitstalling in Ashbey

se galery in Kaapstad (Drie vroue-kunstenaars ...1923 : 493 - 495). In 1962 weer het Charles Eglinton (1962 : 36 - 43) reeds 'n artikel vir die **Lantern** geskryf oor elf van Suid-Afrika se destydse vooraanstaande vrouekunstenaars, naamlik Nita Spilhaus, Florence Zerffi, Irma Stern, Maggie Laubser, Nel Erasmus, Cecily Sash, Georgina Ormiston, Cecil Higgs, Maud Sumner, Anna Vorster en Bettie Celliers-Barnard. 'n Uitstalling van die werke van 68 vrouekunstenaars wat in 1985 deur die Suid-Afrikaanse Kunsmuseum in Kaapstad georganiseer is, het 'n voortreflike beeld gegee van die getal vroue wat op kunsgebied die aandag getrek het en gehaltewerk gelewer het (Women artists ...1983 : katalogus). Zerffi was hierop verteenwoordig met twee werke.

As persoon met 'n sterk Duitse herkoms en Engelse spoorelemente, is Zerffi byna gedompel in die ontstaansjare van die Afrikaner-nasionalisme. Sy het die strewes, ideale en uitvoering van die Afrikaner-sentimente en -stryd vir politieke herstel beleef en is selfs nou daarby gemoeid. Sy het werke gelewer wat tonele in verband daarmee uitbeeld, soos die Voortrekker-eeufeesviering in 1938. Sy het aangebied en het opdrag gekry om Afrikaanse tydskrifte te illustreer. Sy het in die akademiese kringe van die Afrikaans-georiënteerde Stellenbosche gemeenskap beweeg en opdrag ontvang om 'n wapen vir die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns te ontwerp. Ten spyte van al haar werksaamhede in verband met suiwer Afrikaanse aangeleenthede, het sy haar eie, háár spesifieke agtergrond nooit prysgegee nie. Sy het betreklik afsydig gestaan teenoor die politiek en haar tot haar professie beperk. Haar loopbaan as kunstenaar was veel belangriker as om by hierdie omstandighede betrokke te raak. Haar stille politieke ideologieë het sy waarskynlik met haar seun gedeel, want hy het Suid-Afrika juis oor desbetreffende politiek verlaat. Tydens haar afsterwe was sy ingeskrewe lid van die Liberale Party in Londen.

Met volhardende deursettingsvermoë en ywer het Zerffi dus vir veertig jaar die pas in Suid-Afrika volgehou. Die leiding wat sy aan haar leerlinge gegee het, het op sommige van hulle 'n blywende invloed gehad. Die bydrae wat sy op kunsgebied gelewer het, het nog lank ná haar afsterwe sy invloedsgolwe laat uitkring.

Met die oog hierop, moes alle beskikbare spore van haar lewensgeskiedenis nagevolg word. Min wetende het sy 'n leeueaandeel in die vroeë Suid-Afrikaanse kunsgeskiedenis gehad en 'n merkbare impetus daaraan gegee. Hierdie veld moes met sorg nagevors en te boek gestel word. Om volledigheid van hierdie studie te verseker, moes so veel moontlik leidrade in fyn besonderhede opgevolg word. Vele onderhoude is gevoer en briefwisseling is gedoen in 'n poging om volledige inligting te bekom. Skryfster was in die bevoorregte posisie om verskeie van Zerffi se familie, vriende en leerlinge te kon ontmoet. Waardevolle inligting is van hulle, sommige nou reeds oorlede, bekom.

Heelwat van Zerffi se werke is landswyd versprei. Die meerderheid van haar kunswerke het van die oorspronklike eienaars verwissel en vervreemd geraak. Sommige van haar werke is selfs in stoorkamers opgespoor, sonder dat die eienaars die waarde daarvan besef het. Enkele van haar werke is selfs in 'n baie gehawende toestand aangetref. Aanvanklik was daar ook geen aanduiding van hoe groot haar oeuvre inderdaad was nie.

'n Hele aantal van Zerffi se werke het besondere estetiese waarde en die versamelaars koester 'n gewaardeerde trots daarop. Sommige van haar werke het boonop nog Africana-waarde, soos haar Kaapstadse tonele en haar Maleierbuurtwerke. Sodanige werke se historisiteit kan hoog aangeskryf word, as deeglik besef word dat dit 'n blik gee op die argitektuur en geskiedenis van Kaapstad in die eerste helfte van die eeu.

Zerffi het kunswerke nagelaat in 'n grafiese medium wat nie deur baie kunstenaars in Suid-Afrika beoefen is nie, naamlik die ontwerp van ex librisse. Daarin lê dus verder een van haar buitengewone bydraes tot die kuns van hierdie land. Trouens, dit sal beslis nie oordrewe wees nie om te beweer dat sy 'n baanbreker op hierdie kunsvorm was.

'n Tydrowende deel van die navorsing was die opsporing van sketse wat Zerffi vir *Die Huisgenoot* gemaak het. Geen primêre navorsing is nog gedoen in verband met sketse wat in Suid-Afrikaanse tydskrifte verskyn het nie. Geen bronne was in elke geval beskikbaar nie. Daar was dus geen vooraf kennis van die getal werke wat Zerffi in hierdie verband gedoen het nie. Op soek na 'n handtekening, monografie of stylkenmerke, moes alle uitgawes van *Die Huisgenoot* vanaf sy ontstaan in 1916 tot en met 1930 stelselmatig met 'n vergrootglas deurgewerk word. Ook ten opsigte van sketse wat sy vir *Die Burger* in die vroeë twintigerjare gemaak het, was geen inligting beskikbaar nie. Die opsporing van al hierdie sketse toon aan dat Zerffi een van Suid-Afrika se eerste betekenisvolle illustreerders van sketse vir tydskrifte en dagblaaie was. Dieselfde waardevolle bydrae tot die illustrasiekuns in Suid-Afrika geld haar sketse vir C.J. Langenhoven se *Die eensame Hoop* wat sy as een van die eerste kinderboekillustreerders gemaak het. Die oorspronklike sketse het egter verlore geraak en daar moes slegs van die gepubliseerde formaatgrootte gebruik gemaak word om dit te bestudeer en die gegewens vir katalogusdoeleindes volledig weer te gee.

Heelwat navorsingsmateriaal wat ná Zerffi se afsterwe aan die Suid-Afrikaanse Kunsmuseum en Suid-Afrikaanse Staatsargief in Kaapstad geskenk is, is slegs globaal gerangskik en talle los dokumente, briewe en ander stukke moes deurgewerk word. Dieselfde het gegeld vir die groot getal Boonzaier-dokumente wat ongeorden tot die beskikking van die skryfster gestel is. Alle dokumente is deurgewerk, maar nie alles het op Zerffi betrekking nie en kon dus nie nuttig aangewend word nie.

Heelwat van die bruikbare gegewens is ongedateer en het geen verwysing nie. Waar vraagtekens in die teks en bibliografie van hierdie verhandeling verskyn, dui dit op ongedateerde uitknipsels of dokumente van twyfelagtige herkoms. Die verskillende instansies waar navorsing gedoen moes word, is ver van mekaar geleë. In die lig van al hierdie omstandighede moes navorsing derhalwe oor 'n baie lang tydperk onderneem word.

Om reg aan elke aspek van die lewe en werk van hierdie besondere veelsydige kunstenaar te laat geskied, het gelei tot 'n indeling van hierdie studie in ses hoofstukke. In die eerste twee hoofstukke word inligting van meer persoonlike aard oor haar verstrekk, sowel as haar plek in die Suid-Afrikaanse kunsgeskiedenis en in die besonder die Nuwe Groep. In die volgende vier hoofstukke word haar werk in oënskou geneem. Die indeling hiervan is nie gemaak op grond van temas nie, want dit sou tot te veel oorvleueling gelei het. 'n Meer logiese indeling is dus eerder volgens die media wat sy gebruik het.

Van die menings wat die kunsresensente en -kritici van die eerste helfte van hierdie eeu oor kuns daarop nagehou het, is gebruik gemaak, omdat dit verteenwoordigend is van, en as toeligting kon dien vir die tydgewrig waarin Zerffi gewerk het. Die populêre sienings, opbouwende kritiek en soms negatiewe oordeel van persone soos A.C. Bouman, Brander (nom-de-plume van Bernard Lewis), W.R. Morrison, Matthys Bokhorst, Charles Eglinton, M. Simmers en Deane Anderson was soms oordrewe en is reeds verouderd, maar hulle het 'n onskatbare bydrae gelewer om die publiek kunsbewus te maak.

'n Omvattende katalogus kon saamgestel word. Dit bevat nie slegs werke wat in besonderhede gedokumenteer is nie, maar ook werke waarvan skrale inligting uit tydskrifartikels en koerantresensies opgediep kon word. Oor die presiese onderwerp, medium en tyd van ontstaan van laasgenoemde groep werke, kan daar slegs bespiegel word. In die oorgrote meerderheid van

Zerffi se werke, het die oorspronklike titel verlore geraak. Om hierdie werke te kon identifiseer, is hulle van titels voorsien. Waar sy dieselfde onderwerp in meer as een werk geteken of geskilder het en die inhoud van die werke dus grotendeels met mekaar ooreenstem, is van dieselfde titel vir albei gebruik gemaak, maar net met 'n Romeinse syfer agter die titel om die onderskeid aan te dui. Waar die oorspronklike kunswerke nie meer beskikbaar is nie, maar slegs 'n gepubliseerde weergawe daarvan, word gegewens verstrek soos dit op hande is. Zerffi het die meeste van haar werke gedateer. Waar dit ontbreek en 'n datum vermoed word na aanleiding van stylkenmerke of ander gegewens, word dit aangedui.

Daar is so ver as moontlik gepoog om 'n reproduksie van haar werke te bekom. In hierdie proses is teen 'n paar probleme vasgeloop. Sommige kunsversamelaars was nie bereid om toestemming te verleen vir die neem van foto's nie en in ander gevalle was die papier waarop die werk gedoen is, van so 'n swak kwaliteit dat te veel hantering of blootstelling aan lig en temperatuursveranderinge nadelig daarop sou inwerk.

Tydens dokumentasie was 'n groot aantal van haar werke nog in familiebesit in Londen. Hierdie werke kon ongelukkig nie persoonlik besigtig word nie. Deur middel van betreklik volledige beskrywings van sodanige werke wat van Zerffi se seun, Oliver, uit Londen ontvang is, kon 'n goeie beeld daarvan gevorm word. Daar is darem in elke geval voldoende verteenwoordigende werke in Suid-Afrika wat 'n studie soos hierdie kon regverdig.

Talle individue en instansies het hierdie navorsing moontlik gehelp maak en hulle word van harte bedank.

Persone wat kosbare inligting, hooggewaardeerde samewerking en ondersteuning gelewer het, is die volgende:

- Wyle mnr. Oliver Caldecott, seun van Zerffi, vir talle beantwoorde vraelyste en die volgehoue bereidwilligheid tot die verskaffing van inligting
- Mej. Evelyn Dunt wat steeds in Zerffi se huis in Wynberg, Kaapstad, woonagtig is, vir vrye toegang tot die huis en kunswerke daarin, sowel as voortdurende voorsiening van gegewens
- Mnr. Gregoire Boonzaier vir die beskikbaarstelling van sy plakboek en talle dokumente van die Nuwe Groep
- Prof. F.G.E. Nilant wat die oorspronklike navorsing geïnisieer en aangespoor het
- Prof. A.E. Duffey onder wie se bekwame en simpatieke leiding hierdie studie voltooi kon word
- My ouers, mnr. en mev. J.H. Basson vir liefdevolle onderskraging en bystand deur die jare
- My vader wat op bekwame en vakkundige wyse verantwoordelik was vir die taalversorging
- My eggenoot en seun wat met geduld, begrip en aanmoeding besondere entoesiasme getoon het
- Al die private versamelaars landswyd wat positief gereageer het en goedkeuring tot besigtiging van die kunswerke verleen het
- Die talle familielede, vriende en oud-leerlinge van Zerffi wat onderhoude toegestaan het en inligting verskaf het.

Die personeel van die volgende instansies sowel as ander persone wat hulp en samewerking verleen het, is die volgende:

- Suid-Afrikaanse Kunsmuseum, Kaapstad
- Johannesburgse Kunstgalerie
- Pretoriase Kunsmuseum
- William Humphreys Kunstgalerie, Kimberley
- Koning George VI Kunsmuseum, Port Elizabeth
- Africana-museum, Johannesburg

viii

- Michaelis-museum, Kaapstad
- Staatsargief, Kaapstad
- Staatsargief, Pretoria
- Buro vir Heraldiek, Pretoria
- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria
- Openbare Biblioteek, Johannesburg
- Argief-afdeling van die Openbare Biblioteek, Pretoria
- Die Kunsargief, Universiteit van Pretoria, Pretoria
- Africana-afdeling en ander personeel, Merensky-biblioteek, Universiteit van Pretoria, Pretoria
- Universiteit van Stellenbosch
- Sanlam Lewensversekering, Bellville, Kaapstad
- Rembrandt van Rijn Kunsstigting, Stellenbosch
- Leeuwenhof, Adiministrateurswoning, Kaapstad
- Jan van Riebeeck Hoërskool, Kaapstad
- Girls' High School, Wynberg, Kaapstad
- Die Hoërskool Dirkie Uys, Moorreesburg
- Die kunshandelaar, mnr. Joe Wolpe, Kaapstad
- Die kunshandelaar, mnr. E. Solomon, Paarl, Kaap
- Die kunshandelaar, mnr. Zandberg Jansen, Johannesburg
- Die kunsversamelaar, dr. H. Silberberg, Kaapstad
- Die redaksie van *Die Burger*, Kaapstad
- Die redaksie van *Sarie Marais*, Kaapstad.

'n Volledige katalogus met foto's is by die Kunsargief van die Universiteit van Pretoria ingehandig, en kan daar geraadpleeg word.